Oordenking
8 April 2009

Jesus sterf aan die kruis

***Lukas 23:44-47**: Dit was al omtrent twaalfuur, toe kom daar duisternis oor die hele land, en dit het tot drie-uur geduur; die son het opgehou om te skyn. Die voorhangsel in die tempel het middeldeur geskeur. Jesus het hard uitgeroep: "Vader, in u hande gee Ek my gees oor." Na hierdie woorde het Hy die laaste asem uitgeblaas. Toe die offisier sien wat gebeur het, het hy God geprys en gesê: "Hierdie man was werklik onskuldig."*

Omdat Jesus onskuldig was – nie net ten opsigte van die misdade waarvoor Hy onregverdig gekruisig is nie, maar onskuldig aan enige oortreding, was Hy in staat om baie regverdig te maak deur vir hulle sonde te sterf. Hy was die vlekkelose Lam van God, die soenoffer vir ons almal – ja, ook vir my.

Ons moet by Jesus leer hoe 'n mens sterf. Die Heiland kon in die uur van dood sy gees in die hande van die Vader oorgee, omdat Hy, die volmaakte Offerlam, vir sy hele lewe lank in die hande van sy Vader was.

Ons kan wanneer ons sterf ons gees in die hande van God oorgee, as ons gedurende ons lewe alles aan God oorgegee het. Het jy dit al gedoen? Het jy jou gees, die beheersentrum van jou lewe, al in die hande van God oorgegee? Want slegs dan sal jy ook in jou laaste uur in staat wees om te sê: "Vader in u hande gee ek my gees oor!"

Klim nou op na Golgota,
kniel in liefde by die kruis.
Hoor hoe Hy vir sondaars pleit,
wonderliefde, geen verwyt!
Hy is dors in dié verderf -
Leer by Jesus hoe mens sterf.